GRAFIEK 1: VLEISVERBRUIK



GRAFIEK 2: VLEIS TOT MIELIE-VERHOUDING



Intussen het Amerika boonop aansoek gedoen om 'n soortgelyke konsessie op die invoer van varkvleisprodukte.

RAND SAL HELP

Oor die vooruitskouingstydperk word verwag dat die voortgesette verlangsaming van die rand teenoor die dollar die koste van ingevoerde vleis hoog sal hou. Dit sal stewige prysvlakke vir plaaslike boere verseker.

Die swakker rand gaan egter ook 'n invloed hê op voer- en uitbreidingskoste in die hoenderbedryf. Boonop gaan die hoender-tot-mielieprysverhouding in Amerika op lang termyn beter daar uitsien as in Suid-Afrika, wat hoenderproduksie in Amerika mededingender gaan maak.

Daarenteen word beesvleis in 'n mindere mate deur internasionale pryse geraak. Produksie in Suid-Afrika vergelyk volgens die BFAP baie goed met die wêreldstandaard. Die huidige droogte ten spyt word ook voorspel dat die beesprys Suid-Afrika van 2017 af weer sterker teenoor die mielieprys sal laat staan as in Amerika.

Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) sê die vooruitskouing vir vleisprodukte oor die volgende dekade lyk oor die algemeen goed mits normale weerstoestande heers, graanpryse onder druk bly en die voer-tot-vleis-prysverhoudings gunstig bly teenoor die afgelope vyf jaar se syfers.

Die groei word hoofsaaklik in die ontwikkelende wêreld voorspel waar inkomstevlakke en bevolkings aan die groei is.

Hierteenoor het vleisverbruik in die ontwikkelde lande versadigingsvlakke bereik en is groei maar traag.

Siektes, soos varkgriep en voëlgriep, en politieke ingrypings, soos die Russiese invoerverbod op produkte uit die Europese Unie, kan dié vooruitskouing egter heelwat laat verander.

BEDRYWE OM DOP TE HOU

Mnr. Gerhard Schutte, uitvoerende hoof van die Rooivleisprodusente-organisasie, sê wildsvleis gaan oor die volgende tien jaar 'n ál belangriker rol in die rooivleisbedryf speel. Dit is egter nie in die BFAP-vooruitskouing in ag geneem nie.

Die impak gaan tweeledig wees. Eerstens neem die groeiende wildbedryf nou gedeeltes van tradisionele rooivleisproduksiegebiede op. Dit gaan uiteindelik met die aanbod van veral veldvleis in Suid-Afrika meeding. Gerhard glo Suid-Afrikaners en selfs buitelandse markte gaan in die toekoms ál meer geneë wees om 'n premie vir veldvleis van gehalte te betaal.

Terselfdertyd is die wildbedryf besig om 'n vastrapplek in die formele vleismark te kry. Hoewel wild tot onlangs as relatief "goedkoop" vleis deur biltongjagters geoes en in hul kringe uitgedeel is, het Wildbedryf SA onlangs internasionale sertifiseringstandaarde vir die verbou, oes en verwerking van wildsvleis laat saamstel. Dit sal wildboere in staat stel om hul produk op formele markte, plaaslik én internasionaal, te lewer.

Dr. Peter Oberem, die voorsitter van Wildbedryf SA, sê daar word jaarliks reeds 120 ton wildsvleis deur biltongjagters by die plaaslike rooivleisverbruik gevoeg. Die trofeejagters voeg nog ongeveer 20 ton vleis per jaar daarby.

Peter glo daar is 'n blink toekoms vir wildsvleis, veral as 'n mens in ag neem dat daar 20 miljoen stuks wildsbokke in private besit in Suid-Afrika is. Dit is teenoor 'n geskatte 14 miljoen beeste waarmee daar net met 8 miljoen kommersieel geboer word, want die res behoort aan kommunale boere. Hy voorspel dat daar oor die volgende vyf jaar tot 250 000 ton wildsvleis in Suid-Afrika geproduseer kan word.

Dr. Peter Oberem

Mnr. Gerhard Schutte

Peter sê die wildbedryf bevind hom nou in 'n fase van verbruikersopleiding. Uiteindelik glo hy die relatiewe skaarsheid van wildsvleis in die wêreldkonteks, die organiese produksiemetodes daarvan en die menslike manier waarop dit geoes word, sal in die toekoms die deurslag gee vir goeie wildsvleispryse.

Gerhard glo wilds- én veldvleis sal in die toekoms ál gunstiger in Suid-Afrika se uitvoermarkte ontvang word. **LBW**

MEER INLIGTING: Webwerf: **www.bfap.co.za**; e-pos: **admin@bfap.co.za**; tel. **012 420 5021**.